

INHOUDSOPGAWE

Verlate	1
Die kruishout	3
Slagskape	4
Die krag van die opstanding	6
Drosters	8
'Ons is almal Hus-siete'	11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

VERLATE

M Brink

Tog is die Persone, so onderskeie, nie gedeel nie en ook nie onderling gemeng nie. Want die Vader het die vlees nie aangeneem nie, ook nie die Heilige Gees nie, maar die Seun alleen. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sonder sy Heilige Gees nie.....

(Art 8 Nederlandse Geloofsbelydenis)

En nou, Vader, verheerlik My by Uself, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

(Johannes 17:5).

Eenmaal, lank lank gelede, meer as tweeduisend jaar gelede, het die oomblik aangebreek in die hemel. Die engele het hulle asem opgehou, omdat die groot oomblik aangebreek het. Hulle het die Drie wie altyd Een was altyd so voor hulle gesien – maar Een van die Drie het nou weggegaan. Sy majesteitlike glans het verdof, sy blitsende glorie het ineengekrimp. Daar het Hy gestaan, Hy wat altyd so vol was, maar nou so.... so leeg.

En toe gaan Hy. Die oneindige diepte in. Het neergedaal in die moederskoot van 'n vrou, voorlopig niks meer as 'n klompie selle nie.



En in die hemel was sy plek leeg.

Mag 'n mens dit eintlik so sê? Hy was God en bly God. Sy oneindige majesteit het die heelal gevul. Kon sy plek in die hemel werklik leeg wees, ook al het Hy mens geword op aarde? Of mag 'n mens eintlik die vraag nie eers stel nie? Tog, as 'n mens nadink oor die Goddelike Drie-eenheid, dan is sulke vrae onvermydelik. Miskien is dit juis so dat jy deur dié soort vrae des te beter besef hoe groot die misterie is. Hy het God gebly, en mens geword! Hy het sy plek in die hemel verlaat, en tegelyk het Hy medeheerser van die heelal gebly.

Miskien dink u dat dit alles glad nie eintlik saak maak nie. As God het Hy immers in direkte kontak met die Vader en die Gees gebly, nie waar nie?

Maar besef ons genoegsaam dat

slegs Hy alleen mens geword het? Hy alleen het die gang van vernedering gevolg. Hoe intens sou Hy nie verlang het na die heerlikheid wat Hy by sy Vader gehad het nie!

Wie kan ooit weet hoe die Vaderhart gebloei het gedurende die drie ure duisternis?

En die Vader – Hy was bereid om sy Geliefde af te staan. Altyd kon die Drie onvoorstelbaar geniet van mekaar se volledige nabyheid – en nou was daar afstand. Hoe presies dit alles gewerk en gevoel het, kan ons nie inskat nie. En tog, as ons 'n bietjie daarby stilstaan... Die Vader moes toesien dat sy enige Seun so hulpeloos word. En dan die onverskilligheid teenoor die sonde waartussen Hy moes lewe, selfs van sommige diep gelowige Israeliete, wat so bot kon optree, ten spyte van hulle geloofsvertroue. Ongelooflik! Dit sny deur 'n Vaderhart! Hoeveel keer het Vader, Seun en Heilige Gees nie oor volharding in die weg van verlossing gepraat nie, elke keer as Jesus gebid het.

Ja ook die Gees. Want Hy wat die harte deursoek, het op baie plekke net harde rots gevind. Hy wat altyd die Woord se woorde kon geniet, moes toesien hoe Jesus se woorde agteloos opsy geskuif is, selfs deur sy vertroude leerlinge.

Nee, ons sal ons nooit kan indink hoe God dit

ervaar het om sy Seun so te moet afstaan nie. Dit word wel verhaal hoe die Seun aan die kruis sy uiterste skreeu van ellende gegee het: “*My God, my God, waarom het U My verlaat?*”

Hierdie uitroep kan ons maklik verkleineer deur te sê: regtig verlaat was natuurlik nie moontlik nie. Hulle het mekaar tog lief? Hoe kon die Vader regtig kwaad word vir sy Seun?

Nee, in wese kon dit inderdaad nie. Maar dit was afgespreek dat die Vader, ondanks al sy liefde, op die agtergrond sou bly terwyl sy Seun so brutaal aangerand word. Dit is vooraf ooreengekom dat Hy die hemel sou sluit. En dat die Seun dwarsdeur die hele hel moes gaan sonder enige hulp van bo.

Stel jou voor, 'n vader wat moet toesien hoe sy seun doodgemartel word! En hy kan niks doen nie. Maar God was nie magteloos nie. In 'n breukdeel van 'n sekonde kon Hy vir sy Seun kies. Maar hy het volgehou om vir ons te kies. Elke martelike sekonde na sekonde.

Wie kan ooit weet hoe die Vaderhart gebloei het gedurende die drie ure duisternis? Wie kan ooit weet hoe die Seun gesnak het na een bemoedigende woord van bo?

Ek beseft dat ek met menslike woorde skryf, met menslike gevoelens. Ek kan my God se pyn nie indink nie.

*God, u wese, u liefde is te groot vir my.
Ek kan nie anders as om U te aanbid nie.*

Lees verder:


Hierdie liefde van die Vader en die Seun en die Gees sal ons nooit kan deurgrond nie. U kan [hier](#) en [hier](#) verder lees oor God se onverklaarbare liefde vir sondaars, en sy genade vir u lewe verder oordink.

Ek is vir niks anders gebore nie as om my te bekeer.

- Tertullianus

DIE KRUISSHOUT

G Bruins



In die solder van 'n vriend hang driehonderd kruise van allerlei soorte: eenvoudiges, kitsch, van hout, van klip. Byna almal dra ook die beeld van die gekruisigde Christus. Sekularisasie het vinnig gevorder – vyftig jaar gelede het daar nog in byna elke Rooms-Katolieke woonkamer 'n krusifiks of kruisbeeld gehang. Protestante is ietwat meer sober: as hulle 'n kruis as simbool gebruik, is dit 'n leë kruis, sonder die liggaam van Christus. Hulle argument: Jesus Christus het uit die dood opgestaan. Die kruis is leeg.

Christendom en kruis is onlosmaaklik verbind. Die pad na Paasfees konsentreer op die lyde van Christus. Dit het aan 'n kruis plaasgevind, 'n martelwerktuig wat deur die Romeine gebruik is om misdadigers met die minste middele die wreedste dood te laat sterwe.

In die vroeë Christendom was Christene aanvanklik baie versigtig om die kruis as simbool

te gebruik. Een van die eerste kere wat die kruis só genoem word, was in die derde-eeuse geskrif, *Stromateis*, van Clemens van Aleksandrië. Ander simbole was meer gebruiklik: 'n afbeelding van 'n vis (die ichtus-simbool) of die alfa en omega teken.

Oor die vorm van die kruis waaraan Jesus gehang het, bestaan onder geskiedskrywers verskil van mening. Meesal word die kruis van Jesus afgebeeld as 'n paal met 'n dwarsbalk – die sogenaamde Latynse kruis. Die argument daarvoor is dat Jesus volgens die evangelie self sy kruis moes dra en dit sou dan net moontlik wees met 'n dwarsbalk.

Volgens sommige – onder meer die Jehova Getuies – het Jesus aan 'n paal (I) gesterf. Ander dink aan 'n Andreaskruis (X) of 'n Antoniuskruis (T).

Die Latynse kruis as simbool van die oorwinning van Jesus oor die sonde en dood het in die vierde eeu sterk toegeneem onder Konstantyn die Grote, die eerste Romeinse keiser wat hom tot die Christendom bekeer het. Hy het die kruisdood as vorm van eksekusie afgeskaf. In die eerste eeue is net leë kruise as simbool van die Christelike geloof gebruik. Die oudste bekende kruisbeeld is omstreeks 430 op die hout kerkdeur van die Santa Sabina in Rome aangebring.

Sedert die vroeë middeleeue is kruisbeelde van hout, ivoor, metaal of ander materiaal in die Roomse liturgie as altaar- en prosessiekruise gebruik. Ook individueel word krusifikse vir persoonlike godsdiensoefening gebruik.

Lay hold on the Bible until the Bible lays hold on you.

- Will H Houghton

SLAGSKAPE

G Bruins



“Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape”.

Romeine 8:36

Het die gelowiges dit maklik in hierdie wêreld of kry hulle swaar?

Dis 'n vraag om oor na te dink. Miskien het u alreeds voorheen hieroor nagedink. So nie, is dit goed om dit tog te doen. Dit kan teleurstelling voorkom en ons die werklikheid waarin ons staan onder oë laat sien. Die posisie van die gemeente van Christus in hierdie wêreld is immers nie rooskleurig nie. Ons kan ons dit nie maklik voorstel wanneer ons so aan ons vryheid gewoond is nie. Dit is egter nie die normale posisie van die kerk nie. Dit is in der waarheid abnormaal. Die normale is dat Christene vervolgd word, nouliks geduld word. Die lewe word dikwels vir hulle onmoontlik gemaak. Ons het die neiging om dan te dink dat dit iets vreemd is wat ons oorkom. Ons dink dat wat ons oorkom heeltemal in stryd is met God se plan en God se

liefde.

Paulus stel dit duidelik dat dit nie vreemd is wanneer die swaard flikker en dood en tergstelling die deel is van God se kinders nie. Hy is dit ééns met die Ou Testamentiese gemeente. Hy haal Psalm 44 aan, waar die digter kla: *“om U ontwil word ons die hele dag gedood; ons word gereken as slagskape”* (vs. 23).

Hierdie psalm is waarskynlik ná die ballingskap gedig. Dit was 'n moeilike tyd. Die vyand was oppermagtig. Dit het gelyk asof God die Here afwesig was en sy volk vergeet het. Daar was fel vyandskap teen die God van Israel en almal wat dié God dien. Die gelowiges word met die dood gedreig omdat hulle die Here dien. Dit is egte geloofsvervolgung: *“om U ontwil”*. Hulle word sodanig met die dood gedreig dat daar tussen hulle lewe en die dood byna geen onderskeid is nie. Daarom sê die digter hulle *“word ... die hele dag gedood”*. Hierdie lewe onder permanente bedreiging van die dood is al 'n sekere sterwe.

Hierdie naam is tekenend van gelowiges: slagskape. Letterlik staan daar 'vleisskape'. Skape wat geslag word om te eet. En hoe is Christene nie in die loop van die geskiedenis as slagskape behandel nie! Hoe het die bloed van gelowiges gevloei. Of hulle vir wilde diere gegooi is, op die brandstapel verbrand is, in konsentrasiekampe gemartel is, deur 'n vuurpeleton gedood is – slagskape was hulle; só is hulle beskou en behandel. En dit was hul erenaam!

Paulus haal in hierdie loflied 'n psalm aan om

Die wortel van amper elke skeuring of dwaalleer in die kerk gaan daaroor dat die mens eerder sy verlossing wil verdien as ontvang.

- John Ruskin

duidelik te maak: ons is die voortgang van die kerk van die eeue. Dit is nie vreemd as Christene vir hulle geloof moet ly nie. Dit is opmerklik dat hierdie ontnugterende opmerking juis in die loflied van die geloof (hier in Romeine 8) voorkom. Dit onderstreep dat die loflied midde in die werklikheid van die lewe staan. Ons moet dit deeglik voor oë hou.

“Ek het nou nog meer geleentheid om die enige Naam aan mense bekend te maak, want almal moet een of ander tyd toilet toe gaan”.

As ons belydenis ons erns is en ons erns bly, moet ons die moontlikheid voorsien dat ons dit ter wille van ons geloof nie maklik sal hê nie. Ons word as kerke na die rand van die samelewing gedruk. Ons beteken nie meer baie nie. In die samelewing en in menige werkkring gee ateïsme en ongeloof die toon aan. Ons lewe in ’n gesekulariseerde omgewing: God is nie meer deel daarvan nie. En as jy laat blyk en voel dat God vir jou wel deel daarvan is, kan jy reken op slegte opmerkings, spottende kyke en onverdraagsaamheid. Dit is voorspel en voortekens van die vervolging wat kom. Ja, reeds nou word ’n gelowige as ’n slagskaap beskou – ’n voorwerp om jou mee te vermaak en jou vyandskap op uit te leef.

Daar is Christene wat daagliks daarmee te doen kry in moslemlande. Daar is selfs van hulle wat getuig: die plek waar die nuwe lewe in Christus beleef word, het ’n stinkende toiletemmer

geword. Een professor in teologie is gedemoveer tot toiletskoonmaker. “Ek het nou nog meer geleentheid om die enige Naam aan mense bekend te maak, want almal moet een of ander tyd toilet toe gaan”.

Slagskape van Christus; verwond, gekneus, gedood — maar om Christus se ontwil. As ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom verheerlik word. Is Hy nie self soos lam gelei om geslag te word nie? Daarom kan almal wat volkome op Hom vertrou hulle ook as slagskape laat behandel.

Moet nie vergeet dat Paulus hierdie dinge sê in die verband en as bewys van die feit dat allerlei ontberings ons nie van die liefde van Christus kan skei nie!

Wat ’n Christen aan leed en kruis kan oorkom is wel erg, maar die liefde van Christus is meer as die felste leed en die swaarste kruis.

’n Sware lot kan ons tref – pyniging en marteling – maar teenoor die hardste las staan die sagte liefde.

Dit kan soms baie donker word, maar hierdie liefde straal soos ’n helder lig in die duisternis van die nag van lyding.

Nou slagskape, dit is die pyn, maar eendag – kroondraers.

Laat wie volhard in stryd en nood
Getrou wees maar tot in die dood.
En ‘k gee hul as genadeloon
Die onverwelkb’re lewenskroon.

(Skrifberyming 39:4)

Lees verder:

Lees die artikel van Johannes Hus in hierdie uitgawe, ’n pragtige voorbeeld van een van God se slagskape – en niks het hom geskei van die liefde van Christus nie!

**Slegs dit wat ons sal vernietig as dit die kans kry,
word vernietig in die heiligmaking.**

- William Jenkyn

DIE KRAG VAN DIE OPSTANDING

G van Roekel



Opwinding, ervaring of geloof?

Ons is geroep om uit die krag van die opstanding te leef, maar wat is die krag van Christus se opstanding en hoe word die krag deur ons ontvang en beleef?

Ons begin kortliks met 'n paar Skrifgegewens. Die Nuwe Testament praat oor die krag van Christus se opstanding (bv. Efesiërs 1:19, 20; Filippense 3:10) én oor die krag van die Heilige Gees (bv. Handeling 1:8; 2 Timótheüs 1:7) en die krag van God (bv. 2 Korinthiërs 6:7; 1 Petrus 1:5). Dit is duidelik dat dit oor één krag gaan. Die krag van God wat Hy in die opstanding van Christus gewerk (Efesiërs 1:20) en deur die Heilige Gees skenk. Daarom kan die verskillende Nuwe Testamentiese uitdrukkings goedskiks naas mekaar gebruik word. Dit gaan om één krag wat van die drie-enige God uitgaan en wat deur ons geken mag word.

Wat is die krag?

Gaan dit oor 'n besonder oorweldigende, skouspelagtige krag wat vanuit God na ons en in ons kom? 'n Soort stroom van geestelike energie

wat ons hart deurtrek en ons 'n geestelike 'kick' gee? Of is die krag van die opstanding 'n krag wat ons sterk maak en ons tot besondere dade — geloofsdade — in staat stel? Of gaan dit by hierdie krag oor gevoel, emosie? 'n Krag waardeur ons 'aangeraak' word en ontroer word?

Gawe van God

Laat my toe om 'n paar dinge hieroor te sê, sonder om op volledigheid aanspraak te maak. Allereers is dit uit die Nuwe Testament duidelik dat die krag van die opstanding 'n gawe van God is. Dit is nie ons krag nie, maar sy krag. Dit is die krag waaroor die Here beskik en wat Hy uitdeel deur middel van die Skrif. In Markus 12:24 wys Jesus op hierdie verband. Die krag van God word geskenk en ervaar deur die Skrifte, wat van Christus getuig, te lees en te hoor.

Vervolgens bestaan die krag van die opstanding in die versterking van die innerlike mens, soos Paulus in Efesiërs 3:16 skryf. Die 'innerlike' mens is 'n Bybelse omskrywing van die geestelike, innerlike middelpunt van ons lewe. Dit wil sê, ons hart. Die hart is vir die mens onbereikbaar, maar nie vir die Gees van God nie. Die Gees dring deur tot die binneste van ons lewe (1 Korinthiërs 2), open die hart, vernuwe dit en versterk dit. Die krag van die opstanding beteken dus dat die Here die hart versterk.

Geloof – swakheid

Hoe so? Paulus sê dit duidelik in Efesiërs 3:17: dat Christus deur die geloof in ons harte kan woon. Die versterking van die hart is dus die

Die afwysing van die evangelie is net so 'n duidelike bewys van ons verdorwenheid as mense, as wat die onvermoë om die son helder middag te sien 'n bewys is van blindheid.

- Charles Hodge

versterking van die geloof. Die krag van die opstanding bring nie in die eerste plek opwinding nie, maar geloof — geloof met die betekenis van vertrouwe op Christus en sy heil.

Dit is van groot belang om hierdie dinge Bybels te beskou. By die krag van die opstanding word al te gou aan ervarings en gevoelens gedink. Veral 'n 'goeie', of 'aangename' gevoel, 'n 'aanraking van God' wat bly maak of ontroer. In Efesiërs 3:16 staan dit ewenwel anders. Die krag van die opstanding blyk nie allereers uit spesiale ervarings of gevoelens nie, maar uit die versterking van die geloof. Daarom is die kernvraag altyd: word die geloof in Christus versterk? Die Gees werk immers nie in die eerste plek opwinding nie, maar geloof.

Paulus wys in 2 Korinthiërs 12:9 op nog 'n ander aspek. God se krag, sê Paulus, "*word in swakheid volbring*". Dit beteken dat die krag van God in die gelowige erkenning van ons swakheid volbring word. Om swak te wees en om die krag van God te hê, het dus alles met mekaar te doen. Die krag van die Heilige Gees kan alleen ontvang word as ons ons eie swakheid ken en bely.

Die Heidelbergse Kategismus vat die Bybelse gegewens in Sondag 52 saam deur te sê dat ons in onself so swak is dat ons in eie krag nie een oomblik staande kan bly nie. Als is swak, swak, swak. Dit is van nature so, en in onself bly ons so, ook wanneer ons geleer het om in die Here Jesus te glo. Die vraag is of ons dit erken en bely. Maak ons nie dikwels asof ons sterk mense is nie? Mense wat alles het, kan en weet? Mense by wie wel die een en ander ontbreek, maar bepaald darem nie so dat jy ons kan vergelyk met 'n pap battery nie? Tog is ons, Bybels gesien, niks meer as pap batterye nie. Om die krag van God te ontvang is dit dus nodig om ons swakheid te ken en te bely.

Soms word gedink dat die ontvangs van die krag te doen het met 'n bepaalde sfeer. Vir die één 'n sfeer van aanbiddingsliedere wat as dit op 'n bepaalde manier gesing word die harte in vervoering bring; vir die ander 'n sfeer van gewyde Psalms wat as dit op 'n bepaalde manier gesing word, die nodige in die harte kan bewerk. Die krag van God is glad nie van 'n bepaalde sfeer afhanklik nie. Nee, weereens, die openbaring van God se krag hang saam met ons erkenning van ons swakheid. Daar word in ons tyd dikwels oor geestelike louheid en afmatting gekla. Sou dit miskien wees omdat ons nie ons kleinheid ken nie?

...as gawe van God, geskenk op die gebed in erkenning van ons swakheid.

Gebed

Ten slotte nog een laaste aspek. Die krag van die opstanding word nie in die erkenning van ons swakheid alleen geskenk nie, maar ook op ons gebed. Wanneer Paulus in sy brief aan Éfese aan dié krag dink, "*buig [hy sy] knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus*" (Efesiërs 3:14) om met die krag versterk te word. Die krag van God kan nie 'opgeroep' of 'opgekommendeer' word nie. Die Here skenk die krag op gebed, wanneer Hy wil en aan wie Hy wil. Wanneer Paulus daarvoor op sy knieë gaan, wys hy ook vir ons die pad aan.

Die krag van die opstanding is daar vir almal wat glo. Die krag om in die geloof te volhard; om nie met verwêreldliking en ontkerkliking meegevoer te word nie; om weerstand te bied teen verleiding, vervlakking of insinking van die

As daar in ons hemelse kleed slegs een steek van onself moet wees, het ons geen moontlikheid van verlossing nie.

- C.H. Spurgeon

geloof. Ook die krag om teëslae die hoof te bied en teleurstellings te oorkom; die krag om te bly liefhê, stry en hoop.

Die krag is daar. Die krag van die opstanding. As gawe van God, geskenk op die gebed in

erkenning van ons swakheid.

“*HERE, U het die begeerte van die ootmoediges gehoor; U sal hulle hart versterk...*”

Psalm 10:17

Lees verder:

Wie nie die evangelie van die opstanding glo nie, ontvang ook nie die krag van God in sy of haar lewe nie. Lees [hier](#) en [hier](#) verder oor die getuienis van die Bybel oor die opstanding van Jesus Christus.

DROSTERS

E Viljoen

Drosters op pad na en terug vanaf Emmaus

Lukas 24 : 13 - 35

Bekendes staan eers vêr weg

Christus het opgestaan! Die Lewende kan mos nie nog by die dooies wees en bly nie?! Maar wat en wie ontmoet ons op die Paassondagoggend? *Al sy bekendes het steeds vêr weg gestaan* (Luk. 23:49). Net soos met sy kruisiging. Die feit dat dit die begin van die derde dag na sy kruisiging was, het daarin nog geen verandering gebring nie. Wat ons van Lukas kry, is 'n lang en uitgebreide verhaal van hoe Jesus self weer sy bekendes, hulle wat later sy getuies sou word, nader aan Hom bring. Daar is geen nuwe boodskap asof die opstanding 'n ander of nuwe evangelie sou bring nie.



As Lewende en Opgestane Here, wil Jesus juis die onvermoë by die dissipels oorkom om te leef met 'n Verlosser wat gesterf het om vir ons die koninkryk van God oop te sluit. Tot in die nag waarin Jesus die laaste Pasga met sy dissipels geëet het, was hulle nog naby. Hulle wou selfs saam met en vir Jesus veg met twee swaarde. Maar hulle moes leer leef met 'n Verlosser wat sou sterf, vir hulle veg en só die koninkryk as geskenk vir hulle gee.

Ignorance of the Scriptures is the root of all error.

- J.C. Ryle

Hy lééf!

Vroeg op die Sondagoggend het 'n groepie vroue na die graf gegaan om Christus se liggaam te gaan versorg vir die graf. Twee engele gee hulle egter die goeie nuus dat Jesus opgestaan het uit die dood. "Onthou julle nog toe julle in Galilea was, het Hy gesê dat Hy op die derde dag sal opstaan nadat Hy oorgelewer en gekruisig sou word?" Toe hulle dit aan die elf apostels en die ander dissipels vertel, het die vroue se woorde soos onsinnige praatjies geklink. Die dissipels en apostels het hulle doodgewoon nie geglo nie!

Hulle ongeloof het hulle totaal blind gemaak vir al die getuienis dat Jesus leef. Petrus gaan wel nog na die graf, maar twee van die dissipels besluit om die feesverrigtinge in Jerusalem agter hulle te laat en vertrek na Emmaus. Dit is 'n dorpie wat sestien kilometer van Jerusalem af was. Ag toe nou, wie gaan nog in Jerusalem bly noudat die man wat genoem word Jesus die Nasarener, dood is? Hy is deur die owerpriesters en owerstes oorgelewer tot die doodstraf en Hy is gekruisig. Niemand bly tog agter vir feesvieringe na hierdie gebeurtenis nie?

Wegloop na Emmaus

Vol onsekerheid en eintlik in stryery met mekaar oor alles wat in Jerusalem gebeur het, vertrek hulle uit Jerusalem. Hierdie twee dissipels is vir ons so eg herkenbaar wanneer ons in allerlei twyfel verkeer oor die wonder van Christus se dood en lyding en opstanding uit die dood. Wanneer alles vir ons net nie meer goeie sin maak nie. Ons Verlosser is mos die een wat gekom het om 'n koninkryk te kom oprig? Op 'n afstand het hulle egter gestaan en kyk hoe Hy gekruisig is. Nie een het gesien hoe Hy uit die graf uitkom nie. Is alles dan nie uiteindelik tog maar 'n klomp spekulasies nie? Wat moet ons met al die geharwar maak? Dit is dan juis

wanneer ons ons tasse wil pak en die Christendom "tot siens!" toeroep. Waaroor gaan al hierdie klomp getuienisse van mense wat op ons afkom?

Genade wat opsoek

Maar Christus laat hierdie twee dissipels nie van die Paasfees in Jerusalem wegkom nie. Hy gaan reis saam met hulle. *Hy agtervolg hulle met sy genade!* Hulle is intussen só blind in hulle eie ongeloof, dat hulle Hom nie eers kan herken nie! Elkeen wat nie wil glo nie, sal blind word. Die bekende, so vertroude word dan deur ons uitgeskuif op 'n vêr afstand en word byna uit ons lewe geban. Hierdie twee dissipels was waarskynlik van die 70 wat telkens voor Christus uitgetrek het op pad met sy reis uit die noorde van die land na Jerusalem in die suide. Hulle was goed vertrou met Hom. Hulle het mense tot geloof geroep in die Een wat die koninkryk van God bring. En nou is hulle self blind. As gevolg van hulle ongeloof!

Elkeen wat nie wil glo nie, sal blind word.

Die rede waarom hulle blind geword het, is omdat hulle nie geloof het in die dood van Christus as die weg na die lewe nie. Hulle sien nie dat Christus as onskuldige sterf en daarom moet lewe nie. Hulle het nie geloof in Christus se opstanding nie, omdat hulle nie geloof het in Christus se oorwinning aan die kruis nie. Die twee hang so nou saam. Christus se opstanding en dood kan nie losgemaak word van mekaar nie. Christus se dood is die deurgang na die lewe. Vir Hom en vir ons. Na sy sterwe het die dood geen mag meer oor Hom nie. Die dood is deur sy sterwe oorwin. Hy moes leef!

Christus se sterwe was nie 'n lot wat Hom

**Die Stroom van genade en geregtigheid
is dieper en breër as die stroom van skuld.**

- Matthew Henry

oorkom het nie. Hy moes sterf volgens die Skrifte. Hy moes gekruisig word en op die derde dag weer opstaan. Dit het Jesus reeds aan hulle beklemtoon vooraf en selfs nog in die nag waarin Hy verraai is!

Deur geloof naby gebring

Christus wil hulle en ons nou ook werklik laat glo en daarom ook laat sien. Die Here wil hulle blindheid wegneem. Hy gaan saam met hulle aan tafel. Hy neem inisiatief. Hy neem brood en dank. En Hy breek dit en gee dit aan hulle. Toe *word* hulle oë geopen om Hom te herken. Dit is nie die twee dissipels wat Jesus self herken nie. Nee, die Here neem self die bedekking wat oor hulle oë was, weg. Maar op daardie selfde oomblik verdwyn Jesus ook uit hulle gesig. Gaan leef nou uit die geloof; gaan leef van die getuienis van die Skrif oor my dood en opstanding. Geloof laat jou sien. Daarom verdwyn Jesus en laat hulle alleen.

Maar ook nie werklik alleen nie. Hulle word

gelaat met die volle rykdom van die evangelie wat getuig van Christus se dood en opstanding. As hulle daaruit gaan lewe dan sal al die getuienisse wat hulle gehoor het wel in die volle prentjie inpas. Dit is waarmee ons gekonfronteer word in Christus se opstanding.

As Christus se dood ons niks meer sê nie, sal sy opstanding ook niks sê nie. Ons word so maklik traag om alles te glo wat die profete reeds gespreek het en waarvan die hele Nuwe Testament getuig. Die dood van Christus is die deurgang tot die lewe vir ons. Sy dood is ons wins. Want die dood kon Hom nie vashou nie; Hy het as onskuldige vir ons gesterf. Al is Hy deur mense skuldig verklaar, verklaar die Vader deur sy opstanding uit die dood Hom onskuldig voor die hele wêreld. Met 'n ompad wat vir ons totaal onnodig lyk, bring Jesus hulle weer waar hulle moes wees; waar Hy hulle wou hê as getuies van die lyding van die Lewende Here. En so kan hierdie verlossing na die hele wêreld gebring word!

Daar is min, indien enige, verskil tussen die kenmerke van die kerk en die kenmerke van 'n Christen. Hulle is onlosmaaklik van mekaar.

Die kerk preek die evangelie van Christus; die Christen glo in Jesus Christus. Die kerk bedien die sakramente; die gelowiges beroep hulle voortdurend op die bloed, lyding, en gehoorsaamheid van Jesus Christus.

Die kerk pas die tug toe; die gelowiges kruisig hulle eie vlees en sy werke.

Dit werk alles saam.

Die ware kerk neem met die Woord kragtig die leiding. Die ware gelowige volg in gehoorsaamheid.

Die kenmerke van die kerk en die kenmerke van die Christen kan onderskei word, maar mag nooit van mekaar losgemaak word nie.


C. Stam

Ons in Christus = regverdiging; Christus in ons = heiliging.

- Martin Luther

‘ONS IS ALMAL HUSSIETE’

F Tijsen



Jan Hus (1369-1415) as voorloper van die Reformasie

Hus? Johannes Hus? Laat my bietjie dink. Het die naam al gehoor; op skool, in die katkisasie met kerkgeskiedenis? Tseggie, ja, dis hy. Verbrand vir sy geloof. Ek weet nie presies wanneer nie, maar ek dink dit was nog vóór Luther en Calvin.

Dit gaan dalk met u ook so wanneer u die naam Hus hoor. Sy geboortejaar is nie presies bekend nie. Vermoedelik is dit 1369, maar kan ook 1370 of 1371 wees. Daar is wel betroubare inligting dat hy op sy verjaarsdag, 6 Julie 1415 in Konstanz in Suid-Duitsland, doodgemaak is. Sy naam beteken ‘gans’ en is afgelei van Hussinec, sy geboortedorp, 70 kilometer Suid van Praag. Sy ouers was arm plattelanders. ‘God het my hande gegee om mee te swoeg’ sou hy later skryf. Jan het in ’n huislike omgewing grootgeword waarin hy veral van sy moeder geestelike waardes geleer het. Dit was ook sy wat hom aangemoedig het om priester te word. Hus het later toegegee dat hy dié raad gevolg het om van ’n goeie loopbaan verseker te wees. Namate sy studie gevorder het, is hy egter meer en meer aangegryp deur die geestelike amp wat

hy wou vul.

Oor sy intellektuele gewes verskil die bronne. Volgens een het die verloop van sy studie nie veel aandag getrek nie; volgens ander was hy ’n veelsydige geleerde, ’n talentvolle mens wat — as hy ’n eeu later geleef het — met Luther vergelyk sou kon word. In elk geval vorder hy tot rektor van die Karlsuniversiteit in Praag, nadat hy vroeër as priester gewy en daarna as prediker in die Betlehemskapel benoem is, waar 3000 toehoorders Sondae aan sy lippe gehang het.

Afgesien van sy eie selfstandige studie van die Woord van God, het kennismaking met die geskrifte van John Wycliff (1324-1384) tot sy ‘reformatoriese’ insigte gelei. Hus het daarmee in aanraking gekom omdat daar baie kontak was tussen die Universiteite van Praag en Oxford. Hierdie bande het gegroei toe die suster van die Boheemse Koning Wencelas IV in 1382 met die Engelse Koning Richard II getroud is. Wycliff is ook later as ketter veroordeel, maar anders as by Hus, het die kerk nie gedurf om die vonnis te voltrek nie.

’n Terminaal sieke kerk

Die Nederlandse Geloofsbelijdenis sê in Artikel 27 dat die kerk “soms vir ’n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het”. In die veertiende en vyftiende eeue was dit so, nie uiterlik nie — die kerk het immers die hele maatskaplike, ekonomiese en politieke lewe oorheers en groot katedrale is gebou — maar haar geestelike toestand was bedenklik. Sy was doodsiek in al haar lede. Daar was ’n voortdurende magstryd tussen pouse, konings

**Leiding en om God se wil te ken vir ons lewe,
is veel meer ’n saak van nadenke en oordenking as van gevoel.**

- Sinclair Ferguson

en keisers en tussen die geestelikes onderling. In die tyd van Hus was daar selfs drie pouse wat mekaar onderling bestry het.

Die ampsdraers van daardie tyd het onder 'n onversadigbare geldsug gely. Terwyl gewone mense in ellendige armoede geleef het, het die kerklike leiers ryker en ryker geword. Naas algemene materialisme van die geestelikheid het die kwaad van *simonie* ook geheers: die koop en verkoop van geestelike ampte vir geld, soos Simon die towenaar vir Petrus en Johannes wou ompraat om hulle mag om die Heilige Gees 'uit te deel' aan hom te verkoop (Handelinge 8). Hand aan hand met *simonie* was daar nepotisme: die aanstelling van familie en vriende in kerklike poste waarvoor hulle meesal totaal onbevoeg was. Die onkunde van die geestelikes was groot. Die aartsbiskop van Praag in die tyd van Hus kon nie eers lees en skryf nie. Daarby was onder die geestelikes groot sedeloosheid.



Luther se woorde na hy 'n boek van Hus gelees het: “*Ons is almal Hussiete...*”.

Benewens skromelike verwaarlosing van die sielesorg moes die kerkvolk ook nog vir alles betaal: vir die doop, vir belydenis, die huweliksbevestiging, die laaste oliesel, die begrafnis, en daarna.

Iemand het hiervan gesê dat die paradys gesluit

bly vir mense wat nie geld het nie. Die evangelie het 'n handelsitem geword in plaas van 'n genadegawe. Die bygeloof van die massas is uitgebuit met die mees dwase relikwieë, soos druppels moedersmelk van Maria en roet uit die oond waarin Daniël en sy vriende was.

Die sterk greep op die massas kan deels daardeur verklaar word dat die kerklike leiers tussen God en die kerkvolk gestaan het. Jy moes altyd na die priester toe. Jy kon nie regstreeks tot God nader nie.

Dit is dan ook opvallend dat die eerste hervormingspogings onderneem is deur leke soos Geert Grote (1333-1384) met sy *Broeders des Gemenen Lewens* en die volkspredikers wat Hus voorafgegaan het. Hulle het intense belangstelling in die Bybel gehad en hulle prediking was nie dogmaties nie, maar

sosiaal-eties. Hulle het hulle veral teen die sedeloosheid en ongeregtheid gekeer.

Uitverkore kerk

Teen die agtergrond van die Middeleeuse kerkleer en die misstande in die kerk, kan begryp word waarom Hus soveel nadruk op die *uitverkore kerk* gelê het. Die uitverkiesing kan herken word aan die lewe wat daarby hoort: die ware, eenvoudige navolging van Christus met die hele lewe.

Die hoofwerk van Hus was *De ecclesia* (Oor die kerk). Dit is later deur Bucer in Duits vertaal. In sy belangrikste geskrif het Hus nie alleen kritiek op die kerk van sy tyd gelewer nie, maar ook aangedui wat die kerk werklik is. Hy het gesê:

**God is nie lief vir ons omdat ons so waardevol is nie,
maar ons is so waardevol omdat God so lief is vir ons.**

- Martin Luther

John Hus

1369 - July 6, 1415

*"Seek the truth
Listen to the truth
Teach the truth
Love the truth
Abide by the truth
And defend the truth
unto death."*



'Daarom is die pous nie die hoof, óf die kardinale die hele liggaam, van die heilige, katolieke en universele kerk nie. Want Christus alleen is die Hoof van die kerk en al die uitverkorenes tesame die liggaam, en elkeen is lid van die liggaam omdat die bruid van Christus met Hom verenig is'.

Toe Luther 'n eeu later *De ecclesia* ter hand kry, skryf hy geesdriftig: *'Ek het by al die leringe van Hus gehou en dit geleer, maar het dit tot nou toe nie geweet nie'.* *'Ons is almal Hussiete, selfs Paulus en Augustinus'* en *'As so 'n man beskou word as 'n ketter, dan is daar onder die son niemand te vinde wat as 'n ware Christen beskou kan word nie'.* Naas sy boek oor die kerk het Hus verklarings oor die Tien Gebooie, die Onse Vader en die apostoliese Geloofsbelydenis geskryf. Van sy hand het ook 'n verhandeling oor *simonie* en verskeie werke oor die reinheid van die lewe, soos *Die Sondespieël*, verskyn. In sy gevangenskap in 'n klam, koue en stinkende kelder waar sy gesondheid vinnig agteruit gegaan het, het hy ook baie briewe aan sy volgelinge geskryf, waarin ons direk in sy hart kan inkyk.

Om die waarheid

Die hooftema van Hus, wat in sy preke — ook tydens sy vele omswerwinge in ballingskap — gehoor is, was: *'Daarom getroue Christen, soek die waarheid, hoor die waarheid, leer die waarheid, het die waarheid lief, hou die waarheid en verdedig die waarheid tot die dood toe; want die waarheid sal u verlos'.* Daardie woord is aan homself geopenbaar. In 'n brief net voor sy dood skryf hy: *'Magister Jan Hus, in kettings en kerker, reeds aan die rand van die teenswoordige*

lewe, wat more 'n verskriklike dood verwag, wat my, dit is my hoop, van my sonde sal reinig omdat dit by my, deur die genade van God, geen kettery sal vind nie omdat ek van ganser harte elke waarheid wat die geloof waardig is, bely'.

Die konsilie waar Hus tot ketter verklaar is, is nie waardig om die naam kerkvergadering te dra nie. Dit was 'n chaotiese en beskamende vertoning van spotterny waarin vir geen oomblik van 'n eerlike verhoor sprake was nie. Iemand het gesê Pilatus sou beter doen. Hy het ten minste nog uitgespreek dat hy 'geen skuld in Hom vind' nie. Hus kon sy 'ketterse' leer afgesweer het om sy lewe te red, maar hy wou homself nie tot leuenaar maak nie. *'Doen ek dit sal ek miskien aan die tydelike oordeel ontkom, maar sou die ewige oordeel oor myself uitspreek'.*

Dit is indrukwekkend om te lees hoe die getuie van sy geloof in die lewende God op sy sterwende lippe was. By die brandstapel aangekom, omring deur tienduisend mense wat deur 'n polisiemag van 2000 man in bedwang gehou is, val Hus op sy knieë en bid die woorde uit Psalm 31 en 51: *'In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.'*

**Kultuur is om dit te ontplooi wat God geskape het,
op so 'n manier dat die werk die Meester prys.**

- K Schilder

'Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.'

Toe die beul hom beveel om op te staan, bid Hus so hard dat die Tsjegge duidelik kon hoor: *'Here Jesus, ek wil hierdie verskriklike dood geduldig dra ter wille van u evangelie'* en *'God is my getuie dat die vernaamste doel van my prediking en al my ander optrede was dat mense hulle van die sonde sou afkeer, en in die*

waarheid van die evangelie waaroor ek geskryf het, gepreek en onderrig het, wil ek vandag sterwe'. Toe die fakkel op die brandstapel gegooi word, bid hy: *'Christus, Seun van die lewende God, ontferm U oor my'*.

Uit die volgelinge van Hus het die Boheemse en Morawiese gemeentes ontstaan, wat vandag nog bestaan en die evangelie oor byna die hele wêreld uitgedra het, tot in Suid-Afrika en Suriname.

Lees verder:

Wil u nog interessante kerkgeskiedenisartikels lees? Lees hier nog verder oor [die lewe van Johannes Hus](#), en lees hier oor die belang van [herroeping van die Edik van Nantes](#) vir die gelowiges in Frankryk.

**Die bepalende faktor van my lewe is nie meer my verlede nie.
Die bepalende faktor is Christus se verlede.**

- Sinclair Ferguson